

‘Dikwels sit ek en die Nederlander sy aan sy’: Die essensialisering van witheid in Azille Coetzee se *In my vel* (2019)

Reinhardt Fourie

‘Dikwels sit ek en die Nederlander sy aan sy’: The essentialisation of whiteness in Azille Coetzee’s In my vel (2019)

Azille Coetzee’s In my vel: ’n Reis (2019) presents the story of a white, Afrikaans-speaking woman who finds herself between two worlds while undertaking her postgraduate studies in Amsterdam: from her perspective, the familiar yet uncomfortable and unsophisticated country she grew up in, and the apparently cosmopolitan and liberating Netherlands. In this article, Coetzee’s book is viewed from a critical perspective. I begin by surveying the reception of the text, in South Africa and the Low Countries, and consider the existing criticism on the text. Thereafter follows a short theoretical contextualisation. Here, I discuss the framework within which I place the Afrikaner whiteness at play in In my vel. The emphasis here falls on the notions of ‘ordentlikheid’ (respectability) and ‘stamverwantskap’ (tribal kinship). Lastly, I offer an analysis of the text, which is focused on the varying experiences of the narrator in the Netherlands and her homeland, South Africa – two spaces which she consistently juxtaposes against one another. In this study, I problematise In my vel’s construction of a kind of Dutch-Afrikaans whiteness, and I find that the book does not represent a successful questioning of racial discourses in and between South Africa and the Netherlands. Despite the text touching on important issues, it ultimately stumbles into stereotypes and a critical blindness that problematically essentialises whiteness.

1. Inleidend

In 2019 verskyn Azille Coetzee se niefiksietekst, *In my vel: ’n Reis*¹ met redelik groot fanfare. In hierdie debuut word die leser bekendgestel aan die relaas van ’n wit Suid-Afrikaanse vrou se twee jaar lange besoek aan Nederland, meestal Amsterdam, en haar openhartige worsteling met haar identiteit as “wit Afrikaner” en “wit Suid-Afrikaner”, soos sy dit dikwels self beskryf. Die protagonis van hierdie vertelling bevind haar tussen twee wêreldes terwyl sy nagraads in Amsterdam studeer: vanuit haar perspektief, haar vertroude, dog ongemaklik en ongesofistikeerde grootwordland, en die skynbaar kosmopolitiese en bevrydende Nederland.

In my vel is in Suid-Afrika baie positief ontvang, en Coetzee se profiel as

skrywer word ná die publikasie van haar debuutwerk ondersteun deur haar werksaamhede as postdoktorale navorser en redelik sigbare meningsvormer. Sedertdien verskyn daar ook 'n roman uit haar pen, *Die teenoorgestelde is net so waar* (2021), en 'n akademiese monograaf, *Desire at the end of the white line: Notes on the decolonisation of white Afrikaner femininity* (2024).

Dit is al 'n paar jaar sedert Coetzee se debuut verskyn het, en nodige gesprekke rondom ras – en juis wittees² – woed in Suid-Afrika en elders voort. Op die keper beskou het *In my vel* daartoe bygedra dat hierdie nodige gesprekke ook in openbare ruimtes in Suid-Afrika aanhou, en die belang van tekste wat as vertrekpunt hiervoor kan dien, moet nie onderskat word nie.

In hierdie artikel wil ek *In my vel* vanuit 'n kritiese oogpunt bejeën. Ek begin met 'n bestekopname van die resepsie van die teks, in Suid-Afrika en die Lae Lande, en oorweeg die bestaande kritiek op die teks. Daarop volg 'n kort teoretiese kontekstualisering, waarin ek die raamwerk bespreek waarbinne ek die Afrikanerwitheid aan bod in *In my vel* plaas. Hier val die klem op die konsepte 'ordentlikheid' en 'stamverwantskap'. Laastens bied ek 'n ontleding van die teks, wat spesifiek toegespits is op die verteller in die teks se wisselende ervarings van Nederland, en haar tuisland, Suid-Afrika – twee ruimtes wat deurgaans “sy aan sy” (Coetzee, 2019: 119) teenoor mekaar gejukstaponeer word. In hierdie ondersoek problematiseer ek die konstruksie van 'n soort Diets-Afrikaanse witheid in *In my vel*, en bevind dat die boek nie 'n geslaagde bevraagtekening van rassediskoerse in en tussen Suid-Afrika en Nederland daarstel nie. Ten spyte daarvan dat die teks belangrike kwessies aanroer, verval dit uiteindelik in stereotipes wat witheid weens 'n klasblindheid essensialiseer.

2. Die resepsie van *In my vel*

Coetzee se boek kry heelwat aftrek in die Afrikaanse pers; op Netwerk24 én LitNet word resensies, meningstukke en indrukke oor die boek gepubliseer. Verder ontvang die boek ook gefokusde aandag in 'n enkele uitgawe van die akademiese vaktydskrif, *Stilet* (volume 31, uitgawe 1), waar dit deur verskillende akademici, skrywers en meningsvormers bespreek word.

Een van die vroegste resensies wat oor *In my vel* verskyn, is dié van historikus Lindie Koorts (2019a). Van meet af is dit duidelik dat die resensent die teks assosieer met 'n positiewe deursigtigheid. Koorts noem dat Coetzee haar “dapper” in die boek “blootlê”, op “onpretensieuse manier”, en is duidelik so beïndruk met die boek dat sy dit ook bespreek in haar tweeweklikse rubriek vir Netwerk24, waarin sy die “openlike” aard besing van die soort

gesprek wat Coetzee met haar boek aanroer (2019b). Willie Burger gaan akkoord hiermee in sy resensie (2019), en hy beskryf *In my vel* as “’n skreiend eerlike biografiese werk”. Só beïndruk is Burger met hierdie boek dat hy aanvoer dat dit “’n boek [is] wat vir alle wit Afrikaanssprekendes voorgeskryf moet word”. Gert van der Westhuizen (2019) beaam in baie opsigte hierdie stelling in sy resensie, en noem *In my vel* “straks een van die belangrikste boeke” wat in 2019 in Afrikaans sou verskyn. Pieter Malan (2019) voer aan dat die teks “vreesloos” delf in ’n wit identiteit, en Mercy Kannemeyer beskryf dit as “een van die opwindendste boeke wat ek al in my jong lewe gelees het” (2019: 30).

Ten spyte daarvan dat die boek in sy vroeë resepsie meestal lof toegesing is, is dit in Malan se stuk en in Koorts se resensie waar ’n mens die eerste elemente van kritiek teen hierdie werk begin bespeur. Ten spyte van haar beskrywing van *In my vel* as “grondverskuiwend” – myns insiens nogal oordadige lof – is Koorts dit nie met Coetzee eens dat ’n gerieflike Europese ruimte soos Nederland bloot beperkend is nie. Inteendeel voel sy dat dit ’n plek is waar ’n mens jou “denke [kan] bevry”, juis om anders na Suid-Afrika te kyk (2019a). Verder skryf sy:

[E]k voel ongemaklik met die gebruik van witheid as ’n alles-oorheersende raamwerk [...] Dat witheid hier ter sprake is, ly geen twyfel nie, en witheid is ’n sinvolle teoretiese raamwerk, maar daar is ook iets absolutisties daarin. Die raamwerk is so homogeen dat dit nie historiese kompleksiteit kan weerspieël nie, en die resultaat is dan ook ’n simplistiese beskrywing van die plekke ter sprake. Vir my is witheid net té eenvoudig, en wanneer iets só ’n maklike verklaring bied, en dit nie ruimte laat vir veelvoudige verklarings nie, wek dit my intellektuele agterdog. (Koorts, 2019a)

Soortgelyk skryf Malan dat “Coetzee uiteindelik so verstrik in haar eie skuldgevoel [raak] dat sy [die] gevaar loop om slagoffer te word van haar wit identiteit eerder as om die hele konsep te problematiseer” (2019). Die indruk wat hy van *In my vel* kry, is dat “Coetzee toelaat dat sy tot slagoffer gemaak word van die ideologie” eerder as wat sy “die teenstrydighede in die uitsprake van ander wat sy so treffend rapporteer,” raaksien en ontleed. Isolde de Villiers en Liezl Dick (2019: 49 en 52) identifiseer iets soortgelyk wanneer hulle stel dat “die deurbreking van wit mikro-sosiale gemaksones” in *In my vel* aan die boek ’n dieper dimensie sou kon gee, maar dat dit ook berus op dade – om anders te word, moet subjekte anders doen, argumenteer hulle – terwyl die teks hom berus op die beperking van hierdie vraag tot “mentale konstruk”.

Die sterkste kritiek wat *In my vel* ontlok, is in ’n stuk deur Bettina Wyngaard

(2019). Haar kritiek is redelik uitvoerig, maar sy som dit netjies op met die frase “wit blindheid”. Sy skryf: “Coetzee verstaan intellektueel die morele dilemmas wat haar witheid veroorsaak. Sy kan selfs die problematiek rondom skuld, bevoorregting en die emosionele arbeid vir swart mense uitpluis. Dit word egter nooit meer as ’n intellektuele oefening nie” (Wyngaard, 2019: 58-59). Oor Coetzee se versugting om swart en bruin vroue te bevriend, is Wyngaard (2019: 56) baie krities: “Hoekom soek sy spesifiek swart en bruin vriende? Die rede vir hierdie behoefte word nooit na behore verduidelik nie. Om meer woke oor te kom, vermoed ek”.

Delia Rabie (2019) bespreek die boek as feministiese reisverhaal. Coetzee se verhaal van haar “tweestryd tussen Suid-Afrika en Nederland” (2019: 37) is volgens Rabie uniek juis omdat dit uitstyg bo soortgelyke reisverhale deur mans, omdat *In my vel* ’n selfkritiese ingesteldheid aanneem, teenoor die “selfversekerde manlikheid” (en gevolglik, onkritiese aanvaarding) en identiteit in die werk van ’n skrywer soos Dana Snyman. Vir Rabie is die teks ’n geslaagde “oorvleueling tussen persoonlike en politieke narratiewe” waarin “witheid [...] geproblematiseer en gekompliseer word” (Rabie, 2019: 40). Rabie se stuk prys Coetzee se verhaal sonder kritiek aan, en sy stel daarom dat dié boek aansluit “by die tradisie van vroueskrywers, soos dié van Virginia Woolf en Elsa Joubert, waarin narratiewe losgemaak word van die (Westerse) konvensionele skryfstyl in reisverhale” (2019: 4). Op die oog af stem ek met Rabie saam oor die genderposisionering in *In my vel*, en oor die aansluiting by ’n sekere tradisie, maar dit is jammer dat die vergelyking met Woolf so onkrities is. Woolf, saam met baie van die Engelse moderniste, is immers in baie opsigte by uitstek ’n skrywer wat ’n klasblindheid demonstreer (sien Mills, 2016). Woolf se eie beskouings oor etnisiteit en gender is ook feite wat haar feministiese ikonisiteit by sekere interpretasies kan skaad – ten minste wanneer daar interseksioneel daarna gekyk word.³

Adean van Dyk (2019) se bydrae tot die gesprek oor *In my vel* sluit hier en daar aan by die kritiek wat deur Wyngaard geopper is. Hy het dit veral teen die teks se “veralgemenend[e]” temas, “ clichéagtig[heid]” en die “blog-agtige” styl (Van Dyk, 2019: 31). Soos vir Wyngaard is daar vir Van Dyk iets opmerklik aan die ironie in Coetzee se verkenning van witskuld teen die agtergrond van ’n studiebeurs om in Europa te gaan studeer – eenvoudig gestel, dit is ’n wit middelklas probleem, wat ook dan afgestuur is op lesers uit dieselfde milieu (Van Dyk 2019: 32, Wyngaard 2019: 53). Ek keer verderaan terug na die kruks van hierdie kritiek in my ontleding van *In my vel*.

’n Enkele nie-Suid-Afrikaanse blik word deur Belgiese skrywer Marijke Coornaert (2019) op *In my vel* gewerp. In ’n kort meningstuk voer sy aan dat

Coetzee in haar boek “dwingende vrae” stel, maar ook dat die aard van die teks wissel tussen “cliché en persoonlik” en “naïef en vlymskerp” (2019). Dit is verál die “swart-wit cliché” tussen “donker” Afrika en “helder” Europa wat vir Coornaert opvallend is, saam met die geykthede oor Nederland wat volgens haar “oordonderend aanwesig” is. Coornaert se stuk getuig van die amper vanselfsprekende realiteit dat die Lae Lande ook komplekse ruimtes is, waar daar ook gewroeg word oor skuld en identiteit, al neem dit dalk vorms aan wat nie ooreenstem met hoe Coetzee dit vanuit haar Suid-Afrikaanse perspektief sien nie.

Drie kwessies staan uit in Coornaert se stuk: die stelling dat Coetzee swaar steun op stereotipes oor Nederland en Nederlanders (wat ook deur ander kritici uitgewys is), die verstarde blik van die protagonis wat witheid in Europa meestal as homogeen beskou, en die beperkte beskouing vanweë die aanname dat Amsterdam noodwendig gelyk is aan die hele Nederland. Met die uitsondering van die perspektiewe van Burger (2019) en Rabie (2019), is daar in die resepsie van *In my vel* kritiek gelewer oor die beperktheid van die blik op witheid wat in die teks aangebied word. Terwyl al die resensente saamstem dat die teks belangrike kwessies aanroer, is daar vir Koorts (2019a) ’n gebrek aan “historiese kompleksiteit”. Vir Malan (2019) en Wyngaard (2019) is daar ’n onvrugbaarheid aan die gewaarwording van Coetzee se eie witheid wat in die teks weergegee word (en vir Wyngaard juis weens die obsessiewe ‘navel-gazing’, as ek dit so kan verwoord, waarin *In my vel* met tye verval). Wat ook uitgewys moet word, is dat *In my vel* juis op ’n Suid-Afrikaanse leesgehoor gemik is, en sodoende het Nederlandse lesers nie juis direk die geleentheid gehad om te verneem hoe hulle in die teks uitgebeeld word nie.

In die inleiding van hierdie artikel verwys ek na ’n ‘Diets-Afrikaanse witheid’ wat in *In my vel* aan bod kom. My gebruik van hierdie term is opsetlik, omdat ek veral belangstel in die wyse waarop Coetzee in haar boek die verwantskappe tussen Afrikanerwitheid en Nederlandse witheid ondersoek, maar dan ook opsetlik van mekaar probeer skei. Dit is juis die wyse waarop hierdie skeiding toegepas word wat om verskillende redes probleme oplewer. In die volgende afdeling van my artikel bespreek ek dan hoe ek die drade van die transnasionale diskoerse in *In my vel* wil begin lostorring.

3. Aspirasies en die bewustheid van ’n valse stamverwantskap

Terwyl die wroegings oor Afrikaneridentiteit in *In my vel* sterk gesentreer word rondom ’n bewustheid van ras en etnisiteit, is so ’n soort wroeging oor hierdie identiteit nie nuut nie. In *Sitting pretty: White Afrikaans women in*

postapartheid South Africa (2017) skryf Christi van der Westhuizen dat die krisis rondom Afrikaneridentiteit al 'n lang pad kom. Reeds gedurende die negentigerjare van die twintigste eeu was daar interne worsteling wat daartoe gelei het dat die nosie van die Afrikaner nie meer dieselfde eensgesindheid getoon het wat dit byvoorbeeld in die vyftigerjare getoon het nie: “With the dual crumbling of apartheid and Afrikaner nationalism, the identity lost its moorings” (Van der Westhuizen, 2017: 22-23). Om te probeer sin maak van die permutasies van Afrikaneridentiteit in die postapartheidtydvak, postuleer Van der Westhuizen die konsep van ‘ordentlikheid’ as draer van elemente wat die wit, Afrikaanssprekende, vroulike subjek konstitueer (Van der Westhuizen, 2017: 23). Van der Westhuizen sien hierdie idee as ontledend én normatief, as 'n soort generatiewe identiteitsdynamo (‘identity dynamo’),

demarcating a space for this particularist whiteness at the intersections of gender, sexuality, class and race to recruit subjects for an ethnic political project of white, bourgeois, heteromasculinist power, adapted from its former permutation as purveyed by Afrikaner nationalism. (Van der Westhuizen, 2017: 24)

Van der Westhuizen spoor ‘ordentlikheid’ na teen die agtergrond van die wit rassepolitiek van die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) en die gevolglike unifikasie van Suid-Afrika ná afloop van hierdie konflik. Afrikaneridentiteit word dus gesien as 'n soort teenvoeter van of reaksie op “white English-speaking South African (WESSA) identity” (Van der Westhuizen, 2017: 25). In baie opsigte, argumenteer sy, is ‘ordentlikheid’ eintlik afgelei van WESSA-identiteit, maar dit borduur ook daarop voort en onderskei sigself van die WESSA-identiteit: “It articulates the femininity under scrutiny with a just-about-white identity’s aspiration of parity with hegemonic Anglo whiteness, while still retaining its ethnic particularity” (Van der Westhuizen, 2017: 25). In die postapartheid ruimte sien sy vervolgens dat Afrikaneridentiteit toegewings maak aan Anglo-witheid (“Anglo whiteness”) ten einde 'n soort eksaltasie te ondergaan, waardeur etniese Afrikanerwitheid in sy Engelse teenvoeter vergly word (2017: 61). Sodoende verdwyn die spesifisiteite van Afrikanerwitheid in die onsigbaarheid van 'n transnasionale witheid.

Wat hier vir my doeleindes interessant is, is hoe Afrikaneridentiteit volgens Van der Westhuizen deur middel van sekere van die permutasies daarvan aspireer om ekwivalente status te verkry binne 'n breedvoeriger soort wit identiteit. Haar fokus op vroulike subjektiwiteit is ook gepas vir my ontleding van *In my vel*, omdat Coetzee se teks sterk gesentreer is in die kruising van gender, seksualiteit, klas en ras binne 'n wit, bourgeois heteromanlike

mag. Van der Westhuizen lê veral klem op Anglo-witheid, wat wêreldwyd oorheersend is weens die sosio-ekonomiese, -politieke en -kulturele status van die Verenigde State van Amerika en Groot Brittanje, maar ek wil met my analise van *In my vel* die fokus ook na ander transnasionale verbande verskuif – hier ’n soort Europese, en meer spesifiek Dietse, witheid.

In ’n 2023-ondersoek gebruik Margriet van der Waal die konsep stamverwantskap (‘stamverwantschap’) om die hedendaagse en historiese verstrengelings (‘entanglements’) tussen Nederland en Suid-Afrika te verken. Sy sien stamverwantskap as ’n begrip wat die baie spesifieke verhouding tussen Nederland en die nasate van die Nederlandse en ander Europese koloniste in Suid-Afrika goed omskryf (2023: 70). Ek lees stamverwantskap saam met Van der Westhuizen se ‘ordentlikheid’ omdat ek in my ondersoek die klem lê op die soort Diets-Afrikaanse witheid en gemeenskaplikheid wat een van die kulturele en historiese fenomene is waarop Coetzee in haar boek heelwat van haar opvattinge oor witheid in Nederland skoei.

In beginsel berus die verbeelde stamverwantskap tussen wit Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika en wit Nederlanders in Nederland op drie pilare: ’n gedeelde taal (Afrikaans/Nederlands), ’n gedeelde religieuse kultuur (Calvinisme), en ’n gedeelde genealogiese en etniese verwantskap, aldus Van der Waal (2023: 18). Die ontstaan van dié verhouding sien dus daar anders uit as die verhouding tussen Afrikaners en WESSAs. Van der Waal beperk egter nie haar gebruik van stamverwantskap tot hierdie welbekende elemente van die verhouding tussen ’n sogenaamde moederland en die setlaargemeenskap op die koloniale periferie nie. Sy verruim die konsep:

The conventional use of the notion bases claims of kinship on shared genealogy and culture but does not recognise colonial violence and its violent legacies, nor does it acknowledge the *creole* dimensions [oorspronklike kursivering] of the settler colonial encounter and its aftermath. (Van der Waal, 2023: 77)

In haar ondersoek lê Van der Waal dan veral die klem op die “unexpected points of transnational intersection resulting from coloniality and its legacies” juis omdat die gebrek aan openbare samespraak oor die gewelddadige en duistere onderkant van die kulturele en genealogiese Nederlands-Suid-Afrikaanse verstrengeling ’n vorm van ‘koloniale afasie’ suggereer, wat op sy beurt die aandag vestig op die gepaardgaande tekort aan voldoende taaluitdrukking om die geweld, uitsluiting en ontkenning van kolonialisme aan te pak (2023: 79).

Ek gebruik juis stamverwantskap omdat dit een van die sentrale kulturele

gegewens is wat Coetzee in wese in *In my vel* aanroer, en dit is boonop 'n belangrike argumentatiewe pool waarteen sy Suid-Afrikaanse witheid, en spesifiek Afrikanerwitheid, stel. Terselfdertyd speel sy Afrikaneridentiteit (en gepaardgaande merkers, soos gewoontes en taalgebruik) teen (wit) Nederlandse identiteit af, en die rubriek hiervoor neem dikwels die vorm van 'n soort ordentlikheidstoets aan. Met ander woorde, in die teks word die protagonis-verteller se identiteit opgeweeg teen 'n soort geïdealiseerde, stereotipiese verstek-Nederlander, en hieruit spruit geweldig baie van die teks se besinning oor Afrikaneridentiteit. Voorbeelde hiervan blyk uit die ontleding wat in die volgende afdeling volg.

Ten spyte van die punte van kritiek op *In my vel* wat deur verskillende kritici geopper is, is daar nog nie 'n omvattende ontleding van die teks onderneem waarin die hele roman binne 'n goed gedefinieerde kritiese raamwerk bespreek is nie. Met hierdie artikel wil ek juis so 'n ontleding onderneem. Ek voer nie aan dat my analise van *In my vel* raakpunte in witheid tussen Nederland en Suid-Afrika as unieke, nuwe transnasionale raakpunte te voorskyn roep nie. Hierdie bespreking van gekose aspekte van Coetzee se beskouings en waarnemings deur middel van 'n volgehoue kritiese ontleding sal die kompleksiteit van die gesprek oor transnasionale weerkeer tussen Suid-Afrika en Nederland verder belig. Dit sal ook kan toon hoe 'n genuanseerde blik op die kompleksiteit van witheid noodsaaklik is om hierdie kritiese gesprek teen gemaklike vervlakking te verskans.

4. 'n Kritiese ontleding van *In my vel*

In hierdie afdeling volg 'n kritiese ontleding van *In my vel* aan die hand van die bostaande teoretiese bespreking.

4.1. Die erkenning/verbroekeling van stamverwantskap, en die vestiging van ordentlikheid

In die eerste hoofstuk van *In my vel* word die protagonis-verteller Azille se etniese verwantskap met Nederland bevestig, terwyl haar onvermoë om foutlose Nederlands te praat haar terselfdertyd hierin kelder – sy verwys selfs hierna as 'n oomblik waardeur sy haarself as buitelander “ontmasker” (Coetzee, 2019: 8). 'n Nederlander knoop in 'n kroeg 'n gesprek met haar aan. Azille dink, “[m]et my lengte, ligte hare en blou oë kan ek deurgaans as Nederlands, solank ek nie my mond oopmaak nie” (Coetzee, 2019: 8). Die Nederlander interpreteer Azille se huiwering om te antwoord as 'n teken

dat sy 'n buitelanders is, en, hoewel hy na Engels oorslaan, bevestig hy haar aanspraak op haar Nederlandse voorkoms wanneer hy verbaas sê, "Oh sorry, I thought you were Dutch" (Coetzee, 2019: 8). Wanneer sy aandui dat sy van Suid-Afrika is, lyk die Nederlander se antwoord ietwat uitgedag: "But you are white! Where are you *really* from, originally?" (Coetzee, 2019: 8). Daar kan kritiek gelewer word teen die geforseerdheid van hierdie interaksie, wat aandoen asof dit presies gebeur om juis gebruik te kan word in 'n boek wat trag oor wit identiteit. Wat egter meer veelseggend is, is hoe hierdie stelling die inleiding word vir, enersyds, die beklemtoning van die bestaande (en by die waarskynlike leser, verwagte) stamverwantskap tussen Afrikaners en Nederlanders, wat hier gevestig word deur die verwysing na ras en taal, en andersyds, die bevestiging van 'n grondliggende begrip oor Nederland, Nederlanders en Europa waarmee die leser toegerus word. Byvoorbeeld: Nederland se voorliefde vir fiets, 'n verskynsel wat verklaar kan word deur verskeie kulturele, maatskaplike en ekonomiese veranderinge in Nederland gedurende die twintigste eeu, word vir die verteller sprekend van "die protestantse aandrang op eenvoud en spaarsamigheid en die trots wat hulle in swaarkry vind" (Coetzee, 2019: 9). Praktieke wat gevorm is deur die ingewikkelde ontwikkeling van 'n samelewing word dus op simplistiese wyse toegeskryf aan stereotipiese idees oor daardie samelewing. Verdere verbande tussen Nederlanders en Afrikaners word op grond van hulle ras en ekonomiese stand getrek wanneer Azille na Nederland verwys as "'n [g]root pretpark vir middelklas- wit mense, waar my wit vel nog lelieblank onskuld uitstraal, en waar bevoorregting calvinisties geïnterpreteer word" (Coetzee, 2019: 10). Nederlandse identiteit word geskets as uitsluitend en rasbehep, want, volgens die verteller se waarneming is "herkoms [vir Nederlanders] deurslaggewend vir identiteit [...] veral as jy nie *heeltemal* wit is nie" (Coetzee, 2019: 10). Reeds word die maatstaf – 'n soort ordentlikheid gekoppel aan ras, taal en 'n calvinistiese ingesteldheid – bevestig as veelvlakkig. Azille interpreteer die ervaring wat in die openingshoofstuk geskets word as tekenend van 'n "koloniale fiksasie met rasse- of etniese herkoms" aan die kant van Nederland, en sy vind 'n dissonansie in die idee dat sy "te wit [is] vir Afrika, maar nie heeltemal 'wit' genoeg [is] vir Europa nie" omdat wit Suid-Afrikaners soos sy self "witheid as teken van *ons* [my kursivering] Europeesheid beskou" (Coetzee, 2019: 11). Verder in die hoofstuk word die kontraste tussen Afrikaners en Nederlanders uitgestippel in 'n reeks hoogs vereenvoudigde beskrywings, waarop ek hier ingaan.

Terwyl Afrikaners se kontemporêre identiteit "bestaan in 'n soort kulturele leegte," is Nederlanders se taal en kultuur "ondubbelsinnig, en skaamteloos,

hulle s'n" (Coetzee, 2019: 11-12). Die strekking is dat Afrikaners eintlik min veranker in hulle kultuur vind, wat volgens Azille die gevolg is Afrikanerkultuur se assosiasie met Afrikanernasionalisme. Azille erken wel dat Afrikanerkultuur "’n vreemde vermenging van teenstrydighede is," (2019: 12) waardeur die kompleksiteit van ook hierdie identiteit erken word, maar nietemin word die poging voortgesit om Nederland en Suid-Afrika (en elkeen se inwoners) as skille kontraste van mekaar te versinnebeeld. Baie gou, dus, word die leser bewus dat hulle nie net vir Azille meemaak wanneer sy skynbaar besef hoe oppervlakkig hierdie stamverwantskap is nie, maar ook erken die leser dit as ’n retoriese strategie. In hierdie beskrywings sal sy dikwels die inklusiewe 'ons' gebruik, wat suggereer dat sy ’n sekere gedeelte ervaring tussen haar en haar wit leser verwag. Die nadeel van so ’n strategie is egter dat die verteller se ervaring op ’n groot groep mense getransponeer word, met die gevolg dat haar kritiese blindekolle onregverdig (en dalk onbedoeld) as normatief uitgebeeld word.

Die ooreenvoudiging van Nederlandse identiteit word duidelik wanneer Azille ’n redelik eenvoudige begrip van kultuur op sigself verrai. Sy skryf: "Ek het geen tradisionele kulturele register waarin ek tuis voel en wat polities heeltemal aanvaarbaar is nie" (Coetzee, 2019: 11-12). Maar, is die dwingende vraag, welke kulturele register is op enige gegewe tydskop polities heeltemal aanvaarbaar? Die gegewe aanhaling dui aan dat hier aangevoer word dat so ’n soort polities aanvaarbare kulturele register (en dus kultuur) wel iers bestaan. Azille sê in dié verband dat sy ingegrawe is in "die moeilike identiteitskuiwe" van "mense in postapartheid-Suid-Afrika", en daarom "nie besef [het] dat daar groepe mense is wat so seker is van wie hulle is, en so trots op hul kultuur en taal is, soos die Nederlanders nie. Die Nederlanders wêet wie hulle is. Hulle weet waar hulle vandaan kom en waarvoor hulle staan" (2019: 12). Hierdeur word dit ook dan duidelik dat Azille glo dat sommige Nederlanders nie ook soos sommige Suid-Afrikaners gedurende ’n postkoloniale tydperk met belangrike identiteitskuiwe besig is nie. Bestaande kritiek op hierdie ooreenvoudigde beskouing van kultuur as konsep en van Nederlandse kultuur wat so sterk in die boek na vore tree, is baie beperk, soos ek in my oorsig van die resepsie van die teks aangedui het.⁵

Die stiptelike, goed geoliede maatskaplike masjien van Nederland het die verteller in vervoering (Coetzee, 2019: 13-16), en wat ook duidelik word, is dat Nederland vir haar ’n kosmopolitiese bekoring inhoud: "In Nederland is ek in die middel van die wêreld," verklaar sy (Coetzee, 2019: 15, ook op pp. 123-125 stel sy iets soortgelyk). Hier word deur die verteller ingekoop op die problematiese koloniale logika van Eurosentrisme. Hier moet erkenning gegee

word aan die outeur wat duidelik 'n retoriese strategie aanwend wat deur die loop van die narratief ondermyn word soos Azille self met haar identiteit wroeg. Dit is in baie opsigte 'n effektiewe benadering wat die leser toelaat om sig eie posisies saam met dié van die verteller te heroorweeg, en dus op 'n manier deel te voel van die reis wat in die titel van die boek genoem word. Die naïewe leser reis dus saam met die naïewe Azille, en kom vervolgens saam met haar tot dieper insigte, wat die impak van die teks op die leser waarskynlik versterk. Dit is 'n waardevolle poging om lesers ook oor hulle eie vooroordele en beskouings te laat nadink, en uit die resepsie is dit duidelik dat die teks soms hierin geslaag het. Hierdie strategie word egter ernstig ingeperk deur ander eienskappe van die teks, wat ek verderaan bespreek.

Dit is nodig om te verken net hoe uitvoerig die positiewe stereotipering van Nederlanders in die teks is. Ek haal hier slegs beperkte voorbeelde aan: Nederlanders drink “heilsaam”, “op 'n rustige en gesellige manier in mooi kroë en kafees”, gebruik net “silwerskoon dwelms” (Coetzee, 2019: 13) en is obsessief oor stokperdjies (Coetzee, 2019: 146). Hulle is “eenvoudig en stylvol geklee” (dus 'n waardeoordeel wat vanuit 'n sekere oogpunt sterk oorvleuel met die betekenis van ordentlikheid) en het “lang, slanke liggame” (Coetzee, 2019: 14, ook iets soortgelyk op p. 19). Boonop “[d]ra die vrouens omtrent geen grimering nie” en “hul velle blink natuurlik” weens die skoon lug, terwyl “die mans [...] selde groot en gespierd is” (Coetzee, 2019: 14). Verder is die “speelgoedstrate” (Coetzee, 2019: 17) van Amsterdam net “sag op die oog” en daar “woon 'n mens met 'n heerlike sin van orde, styl en welstand” (Coetzee, 2019: 14). Hierteenoor stel Azille haarself en haar Suid-Afrikaanse minnaar, C: Sy lyk “soos 'n tannie” en C “lyk net grof en 'n bietjie arm” omdat hulle estetiek nie in pas is met die “minimalistiese, androgene style en kleurlose monotonie van die Nederlanders” nie (Coetzee, 2019: 20). Reeds in 'n beskrywing soos “kleurlose monotonie” sien 'n mens die opkoms van 'n soort essensialisering wat tot volvoering kom wanneer daar later in die teks meer direkte vergelykings getref word tussen Afrikaners en Suid-Afrika.⁶ (Meer hieroor verderaan.)

Daar is ook negatiewe stereotipering. Heteroseksuele manlikheid in Nederland word byvoorbeeld as onbekend (aan die protagonis-verteller) en swak uitgebeeld. Terwyl Afrikanermans “cowboys” is wat “taai en sterk en (oënskynlik) vreesloos” is, is Nederlandse mans “onbeholpe, verskriklik koulik, pedanties, onprakties en [...] hipokondries” (Coetzee, 2019: 90). Dit is opmerklik dat die gewaande karaktereienskappe van Nederlandse mans nie as positiewe korrektief op die tradisionele manlikheid van Afrikaners gestel word nie, maar juis as 'n soort patetiese, verfynde weergawe van manlikheid.

Verder verklaar die verteller dat materialisme geensins onder Nederlanders opmerkbaar is nie, en die “performatiewe materialisme” van “middelklas-Suid-Afrikaners” is vir Nederlanders “absurd”, “onsmaaklik” en “skadelik” (Coetzee, 2019: 103). Sonder om dit te besef, word sy aandadig in ’n gevaarlike normering van stereotipes oor nasionaliteit, kultuur, ras en gender.

4.2. Geëssensialiseerde identiteit as teenvoeter vir ordentlikheid

Ten spyte van die stereotipes wat deur die loop van die teks onthul word, is Nederland aanvanklik ’n bevrydende ruimte wat betref gender en seksualiteit. Ná ’n tyd in Amsterdam wil Azille haar Suid-Afrikaansheid afskud, en sy begin haarself “ondermyn, omvorm, en herskep” (Coetzee, 2019: 27). Sy doen dit deur hoëhakskoene te koop en ’n neusring te kry (Coetzee, 2019: 27) – nie as sodanig uitsonderlik ’n Nederlandse mode of gebruik nie – en dit is juis hier waar ’n mens ’n voorbeeld aantref van hoe die verteller skynbaar nie die ironie raaksien van hoe hierdie rebellie, saam met haar growwe veralgemening oor Nederlanders, juis haar identiteitswroeging as abstrakte, intellektuele, middelklas-wroeging laat aandoen nie. Dit ondermyn ook deurgaans die verteller se poging tot kritiese selfinsig, en stoot daarom ’n soort “wit blindheid” voorop (Wyngaard, 2019: 58-59).

Kulturele konvensie en gewoontes word vir die verteller verhef tot ’n merker van iets waartoe sy nie toegang het nie weens haar posisie as burger van die globale suide (Coetzee, 2019: 32). Met ander woorde, daar is ’n ordentlikheid waaraan sy nie kan voldoen nie. Die ordentlikheid wat sy as ’n wesenlike eienskap van die Nederlanders beskou, staan in teenstelling met haar opvatting oor Afrikaners: “Ons praat te hard, ons drink te veel, ons lag te maklik en ons wil onself net ’n bietjie te veel geniet. Ons is nét nie ‘wit’ genoeg nie” (Coetzee, 2019: 33). Maar, kan ’n mens dan vra, waarom word hierdie vermeende eienskappe van Afrikaners in verband gebring met sogenaamde nuwiteit? Onwetend verklap die verteller dus haar eie vooroordele, waar ras noodwendig verband hou met sekere gedrag, en waar sekere eienskappe skynbaar onversoenbaar is met normatiewe witheid. Dit dui dan terselfdertyd op ’n baie beperkte (en beperkende) denkraamwerk rondom ras – en boonop nogal ’n oudmodiese een wat juis van die soort is wat witweesstudies poog om te ondermyn.

In een toneel in Amsterdam ontmoet Azille ene Danie, ’n mede-Afrikaner, by die partytjie van ’n Suid-Afrikaanse vriend. Danie huldig ’n konserwatiewe wêreldbeskouing, en sy wys hom in ’n lang preek op sy wanopvattinge oor die geskiedenis van Afrikaans en Suid-Afrika. Dié gesprek klink baie onnatuurlik

(en is ongeloofwaardig), maar sy beklemtoon daarin korrek die komplekse geskiedenis van Afrikaans:

Afrikaner pas nie in die koloniale onderskeidings in nie. Dis nie óf wit óf swart nie. Dis nie óf Europees óf van Afrika nie. Dis nie óf setlaar óf slaaf nie. Nie óf uitheems óf inheems nie. Afrikaans is nie óf óf nie, dis én én. Vra die taalkundiges, Danie, vra hulle (Coetzee, 2019: 80).

Soortgelyke geregverdigde sentimente druk sy later uit teenoor haar Nederlandse *partner* wanneer sy hom wys op die koloniale geskiedenis van Nederland en hy nie enigsins toerekenbaarheid vir homself (en ander Nederlanders) hierin kan of wil raaksien nie (Coetzee, 2019: 106-107). Wat hierdie gesprek ook beklemtoon, is 'n problematiese bifurkasie. Dit is, dat daar skynbaar 'n sekere soort wit mens is wat bewus is van hulle bevoorregting, en dan is daar 'n ander soort wit mens wat nie hiervan bewus is (of wil wees) nie. Volgens die verteller leef Nederlanders in 'n ruimte waar hulle as 't ware hul "witheid verloor het" of "afskud" en "kleurloos" word – 'n ervaring wat ook vir haar "groot verligting [bring]" (Coetzee, 2019: 115). En dit verdien lof dat sy openhartig erken dat sy wroeg met haar witskuld, maar ook die verleidelike eenvoud geniet het van 'n kultuur waar witheid die norm is.

Azille se kwellinge lei uiteindelik daartoe dat sy haar Suid-Afrikaanse identiteit aanvaar. Waar Suid-Afrikaansheid vroeër in die teks aangebied word as onder andere ongesofistikeerd, word dit nou in 'n meer positiewe lig as teenpool van Nederlandse identiteit geskets. Daar is 'n gesprek tussen Azille en C oor 'n bespreking wat eersgenoemde meemaak oor die Nederlandse aandrang op normaliteit. Dit hou verband met sosiaal aanvaarbare gedrag, maar ook 'n algemene ingesteldheid, wat Azille opsom as "Moenie jou nek te ver uitsteek nie. Volg die reëls" (Coetzee, 2019: 141). C verklaar wat hy as fundamenteel sien aan die logika van hierdie normaliteit:

Dis [die Nederlanders se] homogeniteit. Dis omdat hulle almal dieselfde taal praat, dieselfde televisieprogramme kyk, dieselfde klas is en dieselfde kultuur het. So hulle weet wat normaal is vir hulle, en hulle almal hou mekaar by hierdie nasionale standaard. (Coetzee, 2019: 140)

Azille beaam dit, en stel dan: "Normaal wees, is Nederlands wees. Of dan om jou soos 'n Nederlander te gedra. Ten minste wit en middelklas" (Coetzee, 2019: 140). 'n Verwysing na voormalige Nederlandse premier Mark Rutte se woorde aan Turkse (dus Moslem-) immigrante – "doe normaal, of ga weg,"

(2019: 141) met ander woorde, pas aan by die gegewe standarde van ordentlikheid, of gee pad – koppel hierdie sin van ordentlikheid aan kulturele en sosiale waardes, en ook aan witheid. Hierdie Nederlandse sosiale kodes, saamgevat in die uitdrukking “doe even normaal”, frustreer vir Azille. Sy stel ook dan dat Suid-Afrika en Suid-Afrikaners anders is:

In my land bestaan normaal nie, is dit 'n leë begrip. In my land is ons 'n klomp dinge tegelyk. In my land dink ons buite die boks, buite die lyne. In my land leef ons met soveel dubbelsinnigheid, soveel pluraliteit, beweging en verskil, dat ons koppe oopstaan, ons hande reg, ons monde los, ons nekke lank, ons lywe lekker tegendraads (Coetzee, 2019: 141).

Daar is 'n beswering in die herhaling van “in my land” en “ons [...] ons [...] ons”, maar wat ook ongelukkig intree, is dat hier staatgemaak word op die logika van ‘South African exceptionalism’, oftewel Suid-Afrikaanse uitsonderlikheid, soos dit al meer as twee dekades gelede deur Neil Lazarus (2004) en andere geïdentifiseer is. Wat hierdie diskoerse in *In my vel* onderskei van vorige iterasies daarvan, is dat die uitsonderlikheid toegepas word ook op witheid, eerder as nasionale sosio-ekonomiese en kulture faktore, met Nederland en Nederlandse witheid as teenvoeter waarteen hierdie uitsonderlikheid gemeet word. Anders as Nederlanders word Afrikaners as oopkop en andersgesind geskets, blykbaar omdat hulle soos hulle landgenote hulle verset teen enige aanvaarding van reëls en kodes. Die verwantskap tussen dié twee groepe sien dus later in die teks vir Azille heel anders daar uit. Deur die verdagmaking van 'n anekdoties waargenome ordentlikheid, en 'n erkenning van die valsheid van 'n sterk stamverwantskap tussen Afrikaners en Nederlanders, poog die teks om Afrikanerwitheid (waarskynlik onwetend) tot uitsonderlikheid te verhef. Wanneer dit gerieflik is, kan Suid-Afrikaanse witheid vervaag in 'n groter, nie-rassige essensie. Hierdie interpretasie word ook beaam wanneer Azille bevestigend aanhaal uit werke van Jonny Steinberg en Rian Malan. Steinberg kan homself in Suid-Afrika van buite aanskou

and watch my bourgeois life prodded and pushed and buffeted around by lives quite unlike my own ... [surrendering] myself to a world so much bigger than I am and to the destiny of a nation I cannot control. In this surrender is an expansion, a flowering, of what it means to be alive. (Steinberg, 2015, aangehaal in Coetzee, 2019: 147)

Ook Malan word aangehaal in sy beskrywing van hoe hy sy lewe in Amerika saai gevind het, en besef het dat sy lewe in Suid-Afrika gelade was met

betekenis: “Every day had been a battle against howling moral head winds. I had lived amidst stark good and evil, surrounded by mystery and magic. There was a witchdoctor in the servant’s quarters” (Malan, 1990, aangehaal in Coetzee, 2019: 148). Azille sien dit as beskrywings van “’n verslawende intensiteit” van die lewe in Suid-Afrika – ’n “rou soort skoonheid wat kan ontstig en vrees inboesem” (Coetzee, 2019: 149), en, vra sy dan in die lig hiervan, “wie het stokperdjies nodig?” (Coetzee, 2019: 149), wat dui op die gemak waarmee die komplekse wroeging van ’n lewe in Suid-Afrika gereduseer kan word tot gemaklike middelklas tydverdryf. Wanneer daar in gedagte gehou word dat daar ook vroeër in die teks klem gelê word op die waarde wat Nederlanders aan stokperdjies heg (Coetzee, 2019: 146), voel die leser boonop nogal ongemaklik daarmee dat hier geïmpliseer word dat (Suid-) Afrikaners hulle nie met (tydverspillende) stokperdjies hoef besig te hou nie omdat hulle hulle bemoei met belangriker (politieke) oorwegings oor identiteit.

Wat die verteller in *In my vel* dus gemeen het met Steinberg en Malan, is dat haar idee van geborgenheid aan Suid-Afrika deels berus op ’n verromantisering of enigmatisering van ’n simplistiese nie-rassigheid wat sigself deur sy eie logika weerspreek. Dit wil sê, die nosie wat hier tersaaklik is – soos Lazarus dit stel, “that we are all South Africans, that we are South Africans *together*” (Lazarus, 2004: 620) – is maar ’n voortsetting van die hedendaags ontlusterde idees van die Reënboognasie en die ‘Nuwe’ Suid-Afrika. Deur burgerskap in hierdie soort taal te verwoord as ’n saak van identifisering en affiliasie, verbloem volgens Lazarus die stryd wat in die eerste instansie gevoer is om enigsins ’n nuwe Suid-Afrika daar te stel (2004: 620). As wit Afrikanervrou wil Azille binne-in die warspul – as ’t ware die voortdurende struggle – wees, want dít gee betekenis aan haar gerasde bestaan.

In die gedeelte van die teks waar Azille na Suid-Afrika terugkeer, is daar oomblikke waar dit lyk asof daar dieper besin gaan word oor die teenstellende klasblindheid wat tot dusver die teks deurspek het. Sy vergelyk haar eie ervaring met dié wat verwoord word deur Sisonke Msimang in *Always Another Country* (2017) (Coetzee, 2019: 183-186), maar hierdie soort betragting – al doen dit vir die leser as opreg aan – word nie effektief deur die teks gevoer nie.⁷ ’n Voorbeeld is Azille se nadenke oor ’n bierfees wat in die koloniale Kasteel die Goeie Hoop gehou word (Coetzee, 2019: 186-187). Dié nadenke word egter ondermyn wanneer dit in dieselfde afdeling van die boek duidelik word dat sulke nabetragting en gevolglike optrede dikwels afgestem is op skyn – selfs ’n deugpronkery – en dus performatief is: Azille koop ’n lyntekening van Nelson Mandela en hang dit in die sitkamer, maar “ná ’n paar maande [kom ons agter] dat so ’n liefde vir Nelson Mandela deesdae as ’n

baie tipiese wit middelklasding beskou word” weens toenemende kritiek op Mandela se politiek (Coetzee, 2019: 156). Sy erken dat sy nie oortuig is deur dié kritiek nie, maar dit maak haar “selfbewus” en sy en haar huismaat ruil die skets vir “’n topografiese kaart van die Wes-Kaap” wat by ’n plaasmark gekoop is (Coetzee, 2019: 156). Dié word weer deur ’n vriendin as middelklas beskryf, en Azille se respons is dat sy bloot moedeloos lag. Daar is kennelik ’n bewustheid van wat Lazarus noem “the other side of privilege” wanneer hy uit Nadine Gordimer se *The House Gun* (1999) aanhaal:

[They] lack the resources, the imagination, the sensitivity to begin to live different lives – even though they are [...] more or less conscious of the fact that the way they used to live in the old order and the way they are continuing to live now, in the new one, is not only unsustainable but also ethically indefensible [...]. (Gordimer, 1999, aangehaal in Lazarus, 2004: 623)

Tog word daar nie erken wanneer Azille so ’n gewaarwording ervaar dat groot dele van *In my vel* steeds berus op ’n gebroke logika nie. Trouens, uit haar beskouings bespeur ’n mens, naas die onthullende en problematiese aanduiding dat huiswarekeuses bepalend is vir hoe ’n mens se politiek geprojekteer word, en haar bevestigende aanhalings uit Steinberg en Malan, ’n gevaarlike essensialisering van ‘betekenis’ as onderhewig aan voortdurende struggle, ongemak en konflik, maar ook middelklas skyn – en dit is, soos Bettina Wyngaard (2019) dit gestel het oor *In my vel*, deur weer swart liggame in diens van wit verwagtinge te stel. Nog erger verwoord: daar moet blykbaar waarneembare swart lyding wees om betekenis te gee aan wit lewens en wit wroeging.

In hierdie afdeling is daar aangetoon hoe *In my vel* idees oor stamverwantskap en ordentlikheid retories inspan en as geldig vestig, dikwels deur te steun op stereotipes rondom nasionaliteit, kultuur, ras en gender. Hoewel ordentlikheid en stamverwantskap dan later in die teks geproblematiseer word, skiet dit om talle redes tekort. Erkenning is gegee aan die doel en impak van die retoriese strategie wat in die teks gebruik word, maar ook word daar geargumenteer dat daar sodoende ’n onsekere bifurkasie tot stand gebring word. Die oplossing op die verteller se identiteitswroeging steun uiteindelik op die twyfelagtige idee van Suid-Afrikaanse uitsonderlikheid, en talle kritiese blindekolle bly dus onopgelos weens die verteller se wit blindheid. Gevolglik verswak dit die kritiese stramien waarop die identiteitsvraagstukke wat sentraal staan in *In my vel* geborduur is.

5. Ten slotte

In hierdie artikel het ek 'n ontleding gebied van Azille Coetzee se *In my vel* en hoe dit die historiese transnasionale verbande tussen Suid-Afrika en Nederland aanwend as deel van die skrywer se bepeinsing oor Suid-Afrikaanse (en spesifiek Afrikaanse) witheid. Hoewel die resepsie van die teks baie positief was, dui my ontleding daarop dat *In my vel* geweldig steun op problematiese stereotipes wat juis die kritiese ingesteldheid van die teks ondermyn. Die boek werp 'n skerp blik op wit Afrikaneridentiteit en probeer dit nuanseer deur 'n benadering wat fokus op 'n té gemaklike stamverwantskap met Nederland en die onderdrukkende effek van wit Nederlandse ordentlikheid. Azille probeer hieruit losbreek, maar ongelukkig doen hierdie kritiese benadering tot stamverwantskap redelik oppervlakkig aan weens 'n klasblindheid en ander problematiese idees oor ras en gender, terwyl die aanval op (wit) Nederlandse ordentlikheid alte swaar steun op die troep van Suid-Afrikaanse (en per implikasie, Afrikaner-) uitsonderlikheid. Jammer genoeg word werklike, durende transnasionale bande van witheid, wat wel in idees soos stamverwantskap en sogenaamde ordentlikheid teenwoordig is, nie grondig verken en uitgedaag nie.

In my vel bied met tye gesofistikeerde argumentering en erkenning van die invloed van en kritiek op 'n stamverwantskap (tussen Afrikaners en Nederlanders) op 'n enkele Afrikaner se opvattinge oor haar herkoms en die wyse waarop sy haarself in die wêreld posisioneer. Die leser sluit by die verteller aan vir hierdie reis, en sien hoe sy wroeg en ontwikkel deur die loop van die tog. Helaas, en ten spyte hiervan, reduseer die teks egter Nederlandse (en Europese) witheid, wat uiteraard ook komplekse kritiese ontleding verdien, tot 'n eenvoudige teenpool van 'n gekonstrueerde, geëssensialiseerde en stellig meer komplekse Suid-Afrikaanse witheid, wat by grondiger ontleding berus op afgesaagde idees rondom Suid-Afrikaanse identiteit.

Dit sou onregverdig wees om *In my vel* af te maak as 'n waardelose teks, want dit roer tog belangrike kwessies aan, maar 'n geslaagde bevraagtekening van rassediskoerse in en tussen Suid-Afrika en Nederland is dit nie. Dit is dalk, soos Kabous Meiring dit op die omslag van die boek noem, “'n dokument vir ons tyd”, maar wat dit dokumenteer moet met diep kritiese erns bejeën word.

Universiteit van Suid-Afrika

Bronnelys

- Burger, W. 2019. Willie Burger kyk met opgewondenheid na Azille Coetzee se *In my vel*. *Vrouekeur*. <https://www.vrouekeur.co.za/nuus-vermaak/kies-n-boek-in-my-vel/> (Datum van gebruik: 14 Julie 2024).
- Coetzee, A. 2019. *In my vel: 'n Reis*. Kaapstad: Tafelberg.
- Coornaert, M. 2019. *In my vel* deur Azille Coetzee: uit die perspektief van iemand met haar voete op twee vastelande. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/in-my-vel-deur-azille-coetzee-uit-die-perspektief-van-iemand-met-haar-voete-op-twee-vastelande/> (Datum van gebruik: 14 Julie 2024).
- De Villiers, I. en Dick, L. 2019. Witwees, plek en wording – Mymeringe oor Azille Coetzee se *In my vel*. *Stilet* 31(1): 48-52.
- Dick, L. 2018. Assemblage-teorie, affek en witwees. 'n Alternatiewe blik op die werking van witwees. *LitNet Akademies* 15(2): 229-248.
- Kannemeyer, M. 2019. Mercy Kannemeyer skryf oor Azille Coetzee se *In my vel*. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/mercy-kannemeyer-skryf-oor-azille-coetzee-se-in-my-vel/>. (Datum van gebruik: 14 Julie 2024).
- Koorts, L. 2019a. *In my vel* deur Azille Coetzee: 'n skrywer wat haarself blootlê sodat ons onself kan sien. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/in-mu-vel-deur-azille-coetzee-n-skrywer-wat-haarself-blootle-sodat-ons-onself-kan-sien/>. (Datum van gebruik: 14 Julie 2024).
- Koorts, L. 2019b. Minder skree en meer besin straks nodig. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/Netwerk24/minder-skree-en-meer-besin-straks-nodig-20190816/>. (Datum van gebruik: 14 Julie 2024).
- Lazarus, N. 2004. The South African ideology: The myth of exceptionalism, the idea of renaissance. *South Atlantic Quarterly* 103(4): 607-628.
- Malan, P. 2019. Diaspora-verhaal delf vreesloos in witheid. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/Netwerk24/diaspora-verhaal-delf-vreesloos-in-witheid-20190817/>. (Datum van gebruik: 14 Julie 2024).
- Malan, R. 1990. *My traitor's heart: A South African exile returns to face his country, his tribe, and his conscience*. Johannesburg: Atlantic Monthly Press.
- Mills, J. 2016. Virginia Woolf and the politics of class. In Berman, J. (red.), *A Companion to Virginia Woolf*. Chichester: Wiley Blackwell.
- Rabie, D. 2019. Die 'doodstil wit Afrikaner' kry stem: Wit subjektiwiteit in die feministiese reisverhaal *In my vel* (2019). *Stilet* 31(1): 36-41.
- Schröder, L.K. 2003. Tales of abjection and miscegenation: Virginia Woolf's and Leonard Woolf's 'Jewish' stories. *Twentieth Century Literature* 49(3): 298-327.

- Steinberg, J. 2015. Why I'm moving back to South Africa. BuzzFeed. <https://www.buzzfeed.com/jonnysteinberg/why-im-moving-back-to-south-africa/>. (Datum van gebruik: 14 Julie 2024).
- Trubowitz, L. 2008. Concealing Leonard's nose: Virginia Woolf, modernist antisemitism, and 'The Duchess and the Jeweller'. *Twentieth Century Literature* 54(3): 273-306.
- Van der Waal, M. 2023. Letter to Jan van Riebeeck. Rethinking Transnational Connections in Contemporary Vernacular Afrikaans Poetry. *CompLit. Journal of European Literature, Arts and Society* 6(2): 69-89.
- Van der Westhuizen, C. 2017. *Sitting pretty: White Afrikaans women in postapartheid South Africa*. Scottsville: UKZN Press.
- Van der Westhuizen, G. 2019. 'n Boek wat deur elke (wit) Afrikaner gelees moet word. Netwerk24. <https://www.netwerk24.com/Netwerk24/n-boek-wat-deur-elke-wit-afrikaner-gelees-moet-word-20190825/>. (Datum van gebruik: 14 Julie 2024).
- Van Dyk, A. 2019. 'Quest'-romanse, 'n vreemdeling en 'n vraag: *In my vel* as reisverhaal. *Stilet* 31(1): 31-35.
- Wyngaard, B. 2019. Swart liggame in diens van wit verwagtinge: 'n reaksie op *In my vel*. *Stilet* 31(1): 53-59.

Note

1. Ter wille van bondigheid verwys ek hierna deurgaans bloot na die teks as *In my vel*.
2. Liezl Dick definieer wittees as "'n struktureel bevoorregte posisie of ruimte wat onderlê word deur onkunde van en blindheid vir bevoorregting; met ander woorde onverdiende voorregte word as vanselfsprekend aangeneem, ten koste van 'n geraste ander" (2018: 232).
3. Benewens haar problematiese klasbeskouings het Woolf met tye ook sterk antisemitiese trekke en idees openbaar, ten spyte daarvan dat haar man, Leonard Woolf, 'n Jood was. Sien Schröder (2003) en Trubowitz (2008).
4. Ek gaan in hierdie afdeling van die artikel deurgaans na die verteller as Azille verwys omdat ek hier juis die niefiksie-karakter Azille bespreek, en nie noodwendig die openbare figuur Azille Coetzee nie. Met 'n niefiksieteks is hierdie onderskeid dalk vaag, maar nietemin belangrik om te handhaaf.
5. Met tye toon selfs gevorderde lesers van die boek dieselfde ingesteldheid, soos wanneer Isolde de Villiers en Liezl Dick Nederlanders klakkeloos as "'n homogene massa" afmaak wat "baie [verskil] van Suid-Afrikaners in al hul etniese en kulturele diversiteit" (De Villiers en Dick, 2019: 48).
6. Azille se voorkoms as bewuste merker van haar identiteit word ook weer opgehaal wanneer

sy terugkeer na Suid-Afrika. Sy skryf dat sy nou “terug in my land, terug in my vel” is, en daarom neem haar kledy ’n “vars Kaapse styl” aan – haar “opsies [is nou] weer eindeloos” (2019: 166). Hoewel Azille ook tereg hier kommentaar lewer oor die gevaar van seksuele geweld in Suid-Afrika, wat sy as vrou ook nou weer aanvoel, word daar nie kommentaar gelewer nie op die feit dat die “vars Kaapse styl” van ’n middelklas wit vrou net so min verteenwoordigend is van Kaapstad of Suid-Afrika as wat die modes wat sy in Amsterdam opgemerk het verteenwoordigend is van Nederland.

7. Daar is nie ruimte om in hierdie artikel daarop in te gaan nie, maar Azille som Msimang se beskouing as volg op: Sy (Msimang) “artikuleer [...] haar ongemak met die feit dat om ’n middelklaslewe in Suid-Afrika te lei, steeds is om op ’n manier in te koop in apartheid, segregasie en ongelykheid” (Coetzee, 2019: 184). Azille sien ooreenkomste tussen haar en Msimang se “middelklaswroegings”, maar sy wys ook uit dat haar (Azille se) bevoorregting ’n gevolg is van “’n erfenis van ’n lang, pynlike geskiedenis” waardeur haar bevoorregting gewen is ten koste van ander inwoners van die land (2019: 185). Sy kom tot die slotsom dat sy “baie meer aan hierdie land verskuldig is as Msimang” (2019: 186).